

Maak drie lysies in die tabel hieronder van dinge waaraan jy wil werk.

1. Wat doen my roosboompie te veel of verkeerd?

Jy gaan dalk skryf: Sy gaan net waar sy wil sonder om te vra, skree op my, gooi of breek voorwerpe, bars uit in winkelsentrums en ander publieke plekke, sê “nee” elke keer wanneer ek ’n opdrag gee, bevraagteken alles wat ek sê en hanteer my met ondankbaarheid en disrespek. Jy gaan die beloning wat hierdie gedrag vir jou roosboompie inhou, identifiseer, uitskakel en indien moontlik met negatiewe gevolge ontmoedig. Jy gaan ook belonings kies wat volgens jou kind se geaardheid hoogsmotiverend sal wees, om seker te maak jy moedig die regte gedrag in die plek van die verkeerde gedrag aan.

2. Wat doen my roosboompie te min of glad nie?

Jou lysie kan dalk so lees: Hy sê nie dankie en asseblief nie, antwoord nie wanneer ek ’n opdrag gee nie, weier om aan te trek, bring nie speelgoed saans in nie. Jy gaan nuwe gedrag wat aangeleer moet word behoorlik verduidelik, inoefen en beloon totdat dit vasgelê is.

3. Wat doen my roosboompie reg of genoeg?

Jy sien dalk die volgende raak: Hy onthou self om saans tande te borsel, lei getrou die tuin nat, lewer skoolwerk betyds en volledig in, kom betyds terug van afspraak af en maak take klaar waarmee hy begin het. Hierdie derde lysie is baie nodig sodat ons nie net karring aan wat verkeerd is nie, maar ook fokus op dit wat goed is in ons roosboom-pies se gedrag. Jy gaan hierdie gedrag dophou en elke keer terugvoering of belonings gee wanneer jou kind dit doen.

1	2	3

- ♦ Merk nou langs elke soort gedrag hoe dringend jy aandag daaraan wil skenk. Merk die hoogste prioriteit met ’n 1 ensovoorts.
- ♦ Kies net een ding uit elke lysie om mee te begin.
- ♦ Kies helpers. Ouma, die onderwyseres, boeties en sussies, die huishulp of jou eggenoot kan help deur presies dieselfde van jou kind te verwag wanneer hulle by hom of haar is. Hoe meer mense in meer kontekste aan jou roosboompie se gedrag werk, hoe gouer gaan sukses behaal word. Almal moet byvoorbeeld aandrang op ’n respektvolle antwoord wanneer hulle ’n opdrag gee, anders gaan jou roosboompie vir jou met respek behandel, en al die ander gesagsfigure aanhou minag. Dit help nie as ons ’n roosboompie net tuis reg kan laat optree nie.
- ♦ Besluit op ’n realistiese tydperk vir elke doelwit, en maak seker dis ’n goeie tyd om aan die gedrag te werk. Dit is dalk nie goed om “dankie” en “asseblief” te teiken net voordat jou kind op ’n kamp vertrek nie. Om te oefen om toestemming te vra, kan weer baie goed werk wanneer julle gesin met vakansie is omdat daar baie geleenthede is waar dit belangrik is om nie net iets te vat of koers te kies nie. Besluit hoe lank elke doelwit omtrent gaan neem, om seker te maak jy laat genoeg tyd toe vir behoorlik inoefening. Dit kan ’n maand neem om “dankie” en “asseblief” in te oefen, twee weke om te leer “Goed Pappa” sê wanneer daar ’n opdrag gegee word, en miskien omtrent so lank om af te leer om outomaties “nee” te sê vir elke opdrag. Sodra een van hierdie doelwitte bereik is, kan dit vervang word deur nommer twee op die prioriteitslys in dieselfde kolom sodat ons nooit aan meer as drie soorte gedrag gelyk aandag hoef te skenk nie.
- ♦ Dink oor die gedrag uit die eerste lysie. Waarom doen die roosboompie wat sy doen? Watter beloning hou dit in? Hoe kan ek hierdie belonende element wegneem? Hoe kan ek op ’n regverdige, sinvolle manier seker maak dit het eerder negatiewe gevolge? Met watter wenslike gedrag moet sy dit vervang? Hoe kan ek die gewenste gedrag beloon wanneer my kind reg begin optree?

Neem as voorbeeld die kind wat net die loop neem sonder om iemand te waarsku of toestemming te vra. Die beloning is dat ek gewoonlik histories begin roep en soek. My roosboompie geniet my histerie en die wegkruispeletjie. Sy geniet ook die baie ruimte en vryheid van veral ’n groot park of supermark! Gewoonlik gee ek dan baie aandag wanneer ek haar weer opspoor! Sy moet geleer word dat sy met vryheid en aandag beloon word om by my te bly of te vra voor sy weggaan,

en gestraf word wanneer sy dit nie doen nie. Ek gaan verduidelik dat ons nou gaan oefen om by Mamma te bly sonder om vasgehou te word. As sy dit regkry vir die duur van 'n uitstappie, gaan ek haar daarna beloon. As sy byvoorbeeld in die winkel langs my stap, kan ons sodra ons tuis is buite om die huis gaan wegkruipertjie speel of in 'n park lang ente gaan rondhardloop. As sy egter in die winkel weghardloop of verdwyn, gaan ek haar kalm opspoor en dan haar vryheid baie ferm aan bande lê soos om haar in die trollie te laai en aan die trollie te laat washou.

Die tienerweergawe hiervan kan wees dat my kind saans uitbly en dan weet ek nie waar sy is nie, of sy verdwyn smiddae wie-weet-waarheen sonder om te sê wanneer sy gaan terugkom. Dit werk omdat sy in hierdie stadium konflik met my geniet en daarom eintlik uitsien na my uitbarsting wanneer sy terugkom huis toe. Sy gebruik dit ook om die stelling te maak dat ek nie beheer oor haar kan uitoefen nie. Dit is 'n punt wat sy wil maak oor onafhanklikheid en selfbeskikking. My plan gaan daarom wees om te fokus op hierdie geveg vir selfbeskikking. Ek gaan dus verduidelik: “Jy wil self kan besluit waarheen jy gaan en voel nie dat jy ons hoef te sê nie. Jy voel ons hanteer jou soos 'n klein kindjie wanneer jy by ons moet ‘aanmeld’ en toestemming vra. Ons het egter nog die verantwoordelikheid om jou op te pas, daarom gaan jou verantwoordelike of onverantwoordelike optrede nou bepaal hoeveel ons jou gaan probeer beheer. As jy vooraf toestemmig vra en sê waarheen jy gaan en wanneer jy terugkom, en jy hou daarby, gaan ons die volgende versoek baie positief oorweeg, met ander woorde ons gaan ‘ja’ sê tensy daar 'n geweldige goeie rede is om ‘nee’ te sê. Ons gaan jou toelaat om jou saak te stel voordat ons besluit, en ons redes baie mooi verduidelik as ons steeds nee moet sê. As jy dit egter nie doen nie, gaan ons by die volgende geleentheid summier weier dat jy uitgaan sonder om redes te verstrek of na jou argumente te luister omdat dit die manier is om iemand te hanteer wat vryheid misbruik. As jy buitendien sou uitglip of wegbly, gaan ons jou vryheid inperk deur van jou te verwag om oral saam met ons te gaan al is dit na plekke waarheen jy nie wil gaan nie. Dit is om seker te maak dat jy verstaan dat vryheid van beweging 'n voorreg is wat met verantwoordelikheid gepaard gaan.”

Daar sal natuurlik logiese gevolge ook wees soos dat 'n kind wat sommer net oor etenstyd verdwyn, nie 'n bord kos in die lou-oond of boodskappe van gemiste oproepe langs die foon sal kry nie. Ons kan die proefperiode 'n maand maak. As die gedrag bevredigend regkom en ons tiener gee die hele maand lank behoorlik kennis van bewegings, kan ons vryhede vermeerder deur meer naweektoegewings

te maak, 'n bydrae te maak tot 'n fiets, die maandelikse petroltoelaag te vergroot of iets dergelyks wat bydra tot meer vryheid vir die kind.

- ♦ Dink oor die gedrag uit die tweede lysie. Waarom doen my kind nie wat ek wil hê nie? Weet my roosboompie regtig wat ek verwag en hoe om my tevrede te stel? Is die gedrag wat ek verwag realisties gegewe my kind se ouderdom en vermoëns? Moet my kind dalk baie oefening kry voordat hierdie gedrag gaan werk? Hoe kan ek my kind help eerder as om net te evalueer hoe hy vaar?

As jy net 'n hamer het, lyk elke probleem soos 'n spyker.

– Abraham Maslow

Vergeet hy dalk net? Indien wel, hoe kan ek hom help om te onthou?

Hier kan ek die voorbeeld gebruik van 'n jong kind wat nie “dankie” en “asseblief” sê nie. Ek voel hy moet dit uit sy eie doen. Ek wil dus 'n manier vind om dit by hom in te skerp totdat dit outomaties is. Eerstens gaan ek verduidelik waarom dit nodig is. Vir 'n ouer kind kan 'n mens die impak van goeie maniere op mense se opinie van jou verduidelik, en gesels oor hoe mense voel wanneer jy ondankbaar voorkom deur net te vat sonder om te vra of mense te bedank. Daarna gaan ek planne maak waarvolgens ons die maksimum geleentheid het om te oefen.

As die gedrag regtig al lank onmoontlik lyk om aan te leer, moet 'n mens soms iets drasties doen soos om 'n reël te maak dat die outjie glad nie in die kombuis mag kom nie. Sodoende gaan hy baie keer dinge moet vra. Hy kan niks te ete of te drink in die hande kry sonder om jou te vra nie. Jy kan ook meer subtiel te werk gaan deur speelgoed buite bereik te bêre of klere hoog in die kas te pak sodat hy baie dikwels hulp moet vra.

Gee 'n duidelike opdrag, gee redes, gee gevolge, gee pad totdat dit gedoen is en gee erkenning vir sukses.

Die volgende stap is om te verduidelik hoe dinge gaan werk. Wanneer die outjie self onthou om asseblief of dankie te sê, kry hy 'n punt, wanneer hy nie onthou nie, gaan jy eenvoudig nie reageer nie of iets sê soos “ekskuus?”. Wanneer hy byvoorbeeld nie dankie sê nie, kan jy ook die voorwerp vriendelik terugneem wat jy so pas aangegee het. Wanneer hy dan onthou en

asseblief of dankie sê, kry hy eenvoudig nie 'n punt nie, maar ontvang darem wat gevra is. As hy egter na die “ekskuus?” nog nie reg praat nie, is daar “strafyd”

van soveel minute as wat jou kind oud is, byvoorbeeld vyf minute vir 'n vyfjarige. Hy ontvang dan nie wat hy gevra het nie of verloor dit wat hy gevat het sonder om dankie te sê, en mag dan eers oor vyf minute weer kom vra. Jy sal hom sê wanneer die vyf minute verby is. Hy moet dan met die eerste probeerslag asseblief en dankie sê.

Besluit hoeveel punte hy moet behaal en wat die beloning gaan wees wanneer hy die doelwit bereik het. As hy na die bereiking van die doelwit volhou met dit wat hy aangeleer het, moet hy gereeld daarvoor geprys word. As hy egter weer begin vergeet, moet hy weer die gevolge daarvan dra totdat die goeie maniere weer 'n gewoonte word.

- ♦ Dink oor die gedrag in die derde lysie, en hoe jy dit wil beloon. Kyk weer onder die opskrif van snoei- en besproeiingstegnieke na die soorte belonings wat met 'n roosboom werk en gebruik dit vir hierdie gedrag. Roosboompies kan byvoorbeeld doelgerig spaar vir iets wat hulle graag wil hê.
- ♦ Spring nou in en voer deur wat jy gekies het om aan te werk. Onthou dat roosboompies nie daarvan gaan hou dat jy hulle gedrag probeer verander nie. Moet dus nie vergeet om dit as hulle oorwinning te beskou en so oor te dra nie.

Spreuke 20:30

'n Pak op sy tyd doen wondere. Dit laat 'n kind besluit om sy nonsens te stop (*Die Boodskap*).

'n Goeie pak slaë kan die kwaad verwyder en 'n mens se innerlike weer skoon maak (*Die Lewende Bybel*).

Blows that wound cleanse away evil; beatings make clean the innermost parts (*New Revised Standard Version*).

Stripes that wound scour away evil and strokes reach the innermost parts (*New American Standard Bible*).

A good thrashing purges evil; punishment goes deep within us (*The Message*).

Lees gerus nog vertalings van Spreuke 20:30 en beantwoord dan die vrae:

- ♦ Wat is volgens hierdie Skrifgedeelte gronde vir 'n pak slaë?
- ♦ Lyk dit uit hierdie Skrifgedeelte of 'n pak slaë op gedragsverandering of eerder gesindheidsverandering gemik is?
- ♦ Sê hierdie Skrifgedeelte iets oor die intensiteit van 'n effektiewe pak slaë?